# FAMILIE-BEDIENING: Junior Kategese



Rietjie-Kids






NG Kerk Rietfontein-Suid
Ons Gee Om

# Die Rietfluit

JAARTEMA:
IN AANBIDDING VOOR GOD

Sept 2015

## Bid omdat dit werk

**2 Korintiërs 1:3-11**

Die mense wat so by die verkeersligte staan en bedel, maak mens ongemaklik. Die meeste van die kere word die nood in twee skewe sinne duidelik gestel en gewoonlik word dit afgesluit met: '*God bless you'.* Sommige is baie kreatief met die borde. Ek sien eendag 'n ou met die bord: '*Let's do lunch. You pay'.* Dalk kon 'n mens vir die ou ietsie vir sy oorspronklikheid gegee het. Hy het immers 'n groot glimlag op baie se monde gesit.

Ek gee nie geld nie, want ek weet nie of dit verantwoordelik gebruik gaan word nie. Ek dra eerder by tot 'n organisasie waar alles deursigtig is en ek seker is die fondse word oordeelkundig aangewend.

Elke keer as ek hulle sien, wonder ek hoekom staan hulle so by die verkeersligte met die bordjies. Op 'n dag tref dit my: **Dit werk! Mense staan by verkeersligte, want dit werk.** Dit is vir hulle winsgewend om daar te staan, want aan die einde van die dag het hulle genoeg geld om te koop wat hulle nodig het. Ek het al gehoor van soortgelyke ouens hier op ons dorp wat groot bedrae geld per dag insamel deur te bedel.

**Hulle snap een ding: As dit werk, doen ons dit môre weer.**

Ek '*bat'* (kolf) vandag vanaf 'n snaakse rigting, maar op 'n manier weet Paulus ook wat werk en wat werk nie. **Paulus weet dat gebed werk,** anders sou hy nie die ouens van Korinte gevra het om vir hom en die ander Christene in te tree nie: **11Bid asseblief vir ons. Daarsonder kan ons glad nie ons werk vir die Here doen nie. Julle gebede maak dat baie ander mense ook begin bid. Hulle sal vir God dankie sê omdat Hy ons met sy hemelse gawes toegerus het sodat ons die goeie nuus aan**

*Ons Visie:* ***Deur Christus-liefde gee ons vir almal om***

**hulle kan bekendmaak. Op hierdie manier werk al julle gebede mee aan die uitdra van die evangelie.**

**Paulus ken die krag van gebed, want hy het dit al in sy lewe ervaar.** Soos wat die bedelaars uit ondervinding weet dat bedel 'n goeie besigheid is en in hulle nood voorsien, weet Paulus ook uit ondervinding dat gebed werk. **Maar hy weet ook dat as mense bid, word ander aangeraak en hulle begin ook bid.** Soos 'n klomp domino's wat die een na die ander omval, so moedig die een persoon wat vir ander bid die volgende persoon ook aan om uit dankbaarheid te begin bid.

**Dit is die krag van gebed. Gebed is een van die kragtigste instrumente wat God aan ons mense geskenk het.** Soos die bedelaars glo dat hulle professie werk, so moet ons glo dat gebed 'n kragtige instrument is en vandag nog werk. **Bid asof gebed werk en jy sal dit aan jou lyf voel.**

**Om oor na te dink**

Glo jy in gebed? Glo jy dat gebed werk? Bid jy asof geloof werk?

**GEBED**

Here, hier bid ek nou. Ek glo in die krag van gebed. Ek glo dat U nou elke woord hoor wat ek sê. Amen

*(Geskryf deur Gerjo Ben op Kruispad.com – verkort en aangepas deur Ds Leon Tait)*

## - - - - DATUMS VAN BELANG - - - -

- **6 Sept:** Nagmaal om 9:00 en
  Reeks Afsluitingsfunksie om 10:30
- **12 Sept:** Karnaval
- **18 - 20 Sept:** Gemeentekamp
- **24 Sept:** Vakansiedag (Erfenisdag)
- **27 Sept:** Youthbash om 18:00

**Sien jou daar!**



Verder bestaan ons werksaamhede uit die stem, verskuif en onderhoud van ongeveer 250 orrels wat grotendeels in die noordelike dele van Suid-Afrika geleë is. Die buiteland is ook op ons diensprogram. Ons sorg dat orrels in Namibië en Zimbabwe hulle pragtige werk kan bly verrig .

Dan is daar natuurlik ons orrelpypmakery waarin ons die herstel van orrelpype hanteer asook die maak van nuwe pypwerk. Al hierdie werksaamhede word verrig deur tien (10) entoesiastiese mense wat van orrelbou 'n blywende sukses in Suid- Afrika wil maak.

Om te sorg dat die pragtige ambag nie uitsterf nie het ons ook 'n orrelbouskool opgerig waarin ons jonk en oud leer hoe om orrels te bou en onderhou.

deur Christus-liefde gee ons vir almal om

## NG RIETFONTEIN-SUID KARNAVAL



**12 September 2015**

**7:00 tot 14:00**

**Adelaars Sportterrein**
**18de Laan, Meyerstraat**
**Wonderboom-Suid**

**Navrae:**
Herman Labuschagne
082 461 1152



**Mini-Krieket** **Stalletjies**

Is jy nog aktief en op soek na 'n vriendekring wat dinge saam kan doen?

Die KUIERKLUB nooi enkellopendes, tussen die ouderdom van 50 en 70, om by hul aan te sluit.

Kontak Magdaleen of Annalene vir meer besonderhede. Tel. 012 333 2377

## Aksie-Plus besoek Zielman Orrelbouers – 7 Junie




In Job 38 lees ons waar klank vandaan kom, waar die Here vir Job vra: *"Waar was jy toe Ek die aarde gegrond het....Waar is sy fondamentklippe op ingesink; of wie het sy hoeksteen gelê? Toe die môresterre (engele) saam gejubel en al die seuns van God gejuig het? (*Job 38:4,6,7).

So word ons meegedeel dat musiek geen uitvinding van mense is nie, maar 'n skepping van God.

Ons orrelboubedryf, wat nou bekend staan as *Jan Zielman Orrelbouers*, loop al vanaf 1984 selfstandig saam met die orrelkultuur van Suid-Afrika.

Die vervaardiging van die orrel in die Vrye Gereformeerde Kerk in Pretoria was die aanleiding om as selfstandige orrelbouer te kan staan. Die orrel, wat ons gebou het in samewerking met gemeentelede, beskou ek as my "Meesterstuk" en afsluiting van my opleiding in orrelbou (wat nie beteken dat mens 'n punt agter die studies kan plaas nie).

In die afgelope jare is 11 nuwe orrels deur ons aan die Suid-Afrikaanse orrelkultuurskat toegevoeg, waar onder die grootste meganiese kerkorrel van Suid-Afrika in die NG gemeente Somerstrand in Port Elisabeth. Die twaalfde meganiese orrel met 22 registers is op die oomblik (2014) in aanbou in ons ateljee.



# OMGEE-BEDIENING

## 50dae inspireer tot nuwe naam

*Immergroen word Makarios-omgeegroep*

Soos jy teen hierdie tyd van die 50dae weet, beteken Makarios "seën". Ons as groep is so bewus van die Here se seën in oorvloed oor ons lewe dat ons iets hiervan in 'n nuwe naam wil uitdruk. Ons wil in hierdie 50dae die Here se seën met mekaar deel, asook met ander daar buite. Elkeen in die groep het die belewenis van geseënd wees en dit kan ons nie vir onsself hou nie.

Ons leuse is nou: ***Ons is geseën om ander te seën!***

Ons byeenkomstye is Woensdagaande om 19:30 by 20ste Laan 667.

Ons groepleier is ds Leon van Heerden en verskillende persone het verskillende take in die groep, bv. boekies uitdeel, sanglei, gebede lei, gesinsverklaring lees, verjaardae sms'e uitstuur, tik van naamlyste ens.



*Inlasfoto links is Wilhelm (ons fotograaf); inlasfoto regs: George en Sarie.*
*Voor van links: Dawie, Allan, Ina, Dawie.*
*Middel: Chrissie, Suzette, Rosette, Jannie, Rita, Neels, Marietjie.*
*Agter: Leon, Dirk, Dina, Jan, Marian, Daleen. Afwesig: Ballot en Dalene Marx (uitstedig).*

**Ons sal graag vir jou ook tot seën wil wees!**

# AANBIDDINGS-BEDIENING

Al sedert die jaar 2000 word tegnologie ingespan as hulpmiddel tydens eredienste. In die vroeë dae is begin met ‘n groot elektronies bord met rooi letters en ‘n program wat net Psalms en Gesange kon wys. Dienste was ook nog met ‘n bandopnemer opgeneem. Die van julle wat oud genoeg is om oudio kassette te onthou, sal weet dat dit twee kante gehad het, so met langer dienste moes mens onthou om die kasset vinnig om te draai sodra die een kant vol geraak het.

Gelukkig het ons saam met tegnologie gevorder. Deesdae het ons ‘n data projektor en met behulp van verskeie rekenaarprogramme is dit moontlik om byna enige iets te vertoon. Ons is in die bevoorregte posisie waar ons deur die jare ‘n groot versameling sangbundels en liedere in digitale formaat opgebou het. “PowerPoint” maak dit ook moontlik vir die leraars om hulle preke met visuele aanvullings te verryk en selfs videos kan vertoon word. Ons klank stelsel is ook deesdae meer gevorderd en skep die geleentheid om verskeie stemme en instrumente in te span vir lofprysing. Dienste word nou met rekenaar opgeneem en op CD en DVD beskikbaar gestel.

Net so behulpsaam soos wat die tegnologie kan wees, so uitdagend kan dit ook wees. Ons is ‘n klein maar passievolle span wat agter die skerms werk en ons bes doen om alles vlot te laat verloop. Ons is dankbaar om op so wyse ‘n bydra te kan lewer tot die verheerliking en aanbidding van ons Here.

As die Here dit op jou hart lê om deel te word van ons span, is jy meer as welkom om ‘n draai by ons daar bo te kom maak en te kom kyk of dit dalk ‘n plek is waar jy jou genadegawes kan deel.

Samarize, Claudette, Chantelle, Eon en Adriaan.

**BOOMSLOPINGS & SNOEI**

GRATIS KWOTASIE

VERSEKERING

**KONTAK ERNST by 083 656 4992**

www.treecarepta.co.za



# DIENSGETUIENIS-BEDIENING

## MOSLEMS EN HULLE VERBAND MET ISIS EN AL-KAïDA

Baie mense dink ’n Moslem is ’n Moslem. Dis verkeerd; daar loop honderde skeidslyne deur Islam, net soos deur die Christendom. Een van die belangrikste skeidslyne is dié tussen die Soenni’s en die Sjiïete, wat baie losweg vergelyk kan word met die skeidslyne tussen Rooms-Katolieke en Protestante. Die Soenni’s (85-90% van die totaal) vorm die hoofstroom, terwyl die Sjiïete nagenoeg 10% van die totaal vorm.

Die twee strome se weë het al enkele jare ná die profeet Mohammed se dood in 632 n.C. geskei. Die Sjiïete (afgelei van die woord “sjia”, of volgeling) was van mening dat die Islamitiese gemeenskap gelei moes word deur ’n afstammeling van Ali, die profeet se skoonseun (Mohammed het net dogters gehad). Daarteenoor sê die Soenniete (afgelei van die woord “soenna”, oftewel ”tradisie” van die profeet) die beste man moet Islam lei.

Die Sjiïete is oorwegend ook minder streng in die nakom van allerlei religieuse voorskrifte, veral dié wat in die “hadith” (tradisie) voorgeskryf word, en nie in die Koran voorkom nie. Deur die eeue sedertdien het die twee groepe mekaar gereeld beveg, selfs met wapengeweld. Soos die Rooms-Katolieke en Protestante in vroeër tye, beskou hulle mekaar nie as “ware” gelowiges nie.

Die skeidslyn het te make met die vyandskap tussen Iran en Saoedi-Arabië, die hoeder van die heilige stad Mekka en die belangrikste Soennitiese staat in die Midde-Ooste. Dit verklaar ook deels die burgeroorloë in Irak en Sirië (die rebellebewegings is almal Soennities, terwyl die regime van pres. Basjar al-Assad by die Alawiete hoort, ’n afsplitsing van die Sjiïete).

Beide die Islamitiese terreurbewegings, Islamitiese Staat en Al-Kaïda, is aanhangers van die Soennitiese rigting, maar ondanks die flenterdun teologiese verskille tussen hulle beveg hulle mekaar net waar hulle kan.

Teenoor die ekstremiste staan die meer gematigde Moslems. Sommige – soos die meeste in Suid-Afrika byvoorbeeld (byna almal Soenniete) – kan goed saamleef met ’n sekulêre staat, solank hulle die vryheid geniet om hul godsdiens na goeddunke uit te leef.

Daar is egter ook ’n ontwikkeling, onder Moslems in Europa veral, wat die Islam wil moderniseer. Dit lok dan weer kwaai reaksie uit by dié wat meer tradisioneel dink – min of meer dieselfde soort debat wat wêreldwyd ook maar onder Christene voorkom. Só sien ’n mens dat “die Islam” eintlik maar ’n rekbare begrip is. Daar is inderwaarheid tientalle weergawes van die Islam.

**Leopold Scholtz**